

**27 Junie**

**Skrifgedeeltes : Johannes 21:14-25;1 Korintiërs 13:1-13**

**Fokusgedeelte : Johannes 21:15-19**

### **Hoe lief het ons die Here?**

Daar is twee soorte liefde. Jesus het Petrus drie keer gevra: "Het jy my lief?" Twee keer gebruik Hy die Griekse woord *agapai*, wat afkomstig is van die woord *agape* of *agapao* en "liefde" beteken. Een keer gebruik Hy die woord *phileis* (*ph* uitgespreek as 'f'), wat afkomstig is van die woord *phileo* en ook "liefde" beteken. Elkeen van hierdie woorde beskryf 'n bepaalde vorm van liefde.

Die woord *agapais* verwys na 'n soort liefde wat baie diep is, 'n soort liefde wat nooit sterf nie. Dit is dieselfde soort liefde waarvan Paulus praat in 1 Kor 13:1-13. Die woord *phileis*, aan die ander kant, dui op die soort liefde wat nie baie diep is nie. Hierdie soort liefde sterf maklik. Dit is die teenoorgestelde van *agapais*.

Wat openbaar Jesus hier? Jesus sê aan ons dat die soort liefde wat Hy verwag, die *agape*-liefde is, die liefde van 1 Kor 13:1-13. Om hierdie rede het Petrus bedroef geword toe die Here hom die derde maal gevra het: "Het jy my lief?" Hierdie keer het Jesus die woord *phileis* gebruik om op dievlak van Petrus se liefde te kom.

Die Here weet hoe lief ons Hom het. Hy eis en dring aan op die diepe liefde wat nooit sterf nie.

*Sing: Psalm 116:4 Ds JJL Hope (Die Bybels Gereformeerde Kerk)*